# "BINGO" SOOS AANGEPAS VIR GESKIEDENIS

*N. Dreyer (Superintendent van Onderwys)*

Ons streef gedurig na meer leerlingdeelname aan die Geskiedenisles sodat die leerlinge aktief daarby betrek kan word. In die verband is leerlingaktiwiteite belangrik. Dit kan op 'n verskeidenheid maniere verkry word sodat die leerling betrokke raak in die vakinhoudelike, sodat hy selfstandig en onafhanklik of in groepsverband kan optree en sy gedagtes en die oordeel sodoende gestimuleer kan word. Belangstelling wek konsentrasie en dit is die sleutel tot sukses.

Kernvrae en hul antwoorde oor die Amerikaanse Vryheidsoorlog kan moontlik deur die volgende groepspel by leerlinge tuisgebring word.

* * *

1. 'n Seleksie van 20,24 of 28 vrae met hul antwoorde (na gelang van die behoefte) word soos die voorbeeld hier onder getik (horisontaal in 25 mm stroke) agt kopieë word daarvan gemaak (genoeg vir 'n klas van 40 leerlinge) en liefs op karton geplak.
2. Die vrae en antwoorde word **vertikaal** van mekaar losgesny.
3. Die antwoorde van elke stel (van 20 tot 28) word **horisontaal** van mekaar gesny en met 'n rekkie **bymekaar** gehou.
4. Die klas word in **groepe** van vyf leerlinge elk verdeel waarvan een in elke groep as **vraagsteller** optree.
5. Elke vraagsteller ontvang 'n stel vrae en plaas dit op 'n tafel voor hom.
6. Die antwoorde van die stel word deur die ander vier leerlinge van elke groep getrek sodat elkeen ewe veel antwoord het.
7. Op 'n teken van die onderwyser lees die vraagsteller van elke groep die eerste vraag volgens die **volgorde onderaan die lys aangegee.**
8. Die leerlinge van elke groep luister na die vraag en soek die antwoord tussen hul antwoordstrokies.
9. As 'n leerlinge die antwoord besit en herken, word dit aan sy vraagsteller oorhandig wat dit op die tafel links van die vraelys, teenoor die vraag neersit.
10. Die volgende vraag word gestel, ens.
11. Die leerling wat **al** sy antwoorde oorhandig het, is die wenner in sy groep.
12. Die groep wat eerste **al** die antwoorde kon neerplaas, is die voorlopige wenspan.
13. Die spel gaan voort totdat 'n **tweede** groep al die antwoorde geplaas het.
14. Die vrae en antwoorde van die wenspan word hardop gekontroleer (terwyl die ander spanne hul antwoorde vergelyk en algaande verder voltooi).
15. As die wenspan se antwoorde almal reg is, is hy die finale wenner. So nie het die groep wat tweede klaar gemaak het die kans om as die finale wenners aangewys te word.
16. Maak die antwoorde weer met 'n rekkie vas sodat hulle nie met ander stelle deurmekaar raak nie.


| | VRAE | ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | Wat word onder die term "Nuwe Wêreld" verstaan? | Die Noord-Amerikaanse vaste-land waar o.a. die Britse en Franse kolonies begin is. |
| 2. | Die Dertien Amerikaanse kolonies lê aan die ooskus/ weskus van Noord-Amerika. | Die ooskus. Duitsland |
| 3. | Vanwaar kom die eerste koloniste van die Dertien kolonies? | Engeland, Ierland, Skotland Frankryk en |
| 4. | Wat was een van die grootste redes waarom mense na Noord-Amerika verhuis het? | Om geloofsvryheid te geniet. |
| 5. | Wat het tot 1776 verhoed dat die Dertien kolonies saamsmelt? | Verskil in oorsprong, godsdiens en lewenswyse. Groot afstande (1 600 km van noord na suid). |
| 6. | Noem die beginsels waaraan die koloniste in die Dertien kolonies geglo het. | Vryheid; Gelykheid; die reg tot opstand; onafhanklikheid. |
| 7. | Waarom was die Amerikaanse kolonies aanvanklik van Brittanje afhanklik? | Vir beskerming teen die Franse op hul noord-oos-grens. |
| 8. | Gedurende watter oorlog is die Franse gebiede in Noord-Amerika verower? | Die Sewejarige Oorlog. |
| 9. | Waarom het die koloniste hulle veral na die Sewejarige Oorlog teen die Britse parlement begin verset? (Noem twee). | Franse gevaar het verdwyn; hul voel selfstandig; begin dink aan vereniging; selfvertroue deur die militêre oorwinnings. |
| 10. | Die faktore wat verwydering bring tussen die koloniste en die moederland het te doen met die ______ (met geld) en met ______ (regering). | Ekonomie en met politiek. |
| 11. | Goewerneurs het wetsontwerpe van die Wetgewende Vergadering geveto. Wat beteken dit? | Die wetsontwerp is verwerp, daar is verhoed dat dit wet word. |
| 12. | Waarvoor wou die moederland die kolonies hoofsaaklik gebruik? | Vir grondstowwe en as afsetgebied. |
| 13. | Wat verstaan jy onder die Merkantiele stelsel? | Grondstowwe alleen na Engeland; fabrieksgoedere na kolonies; vervoer in Britse skepe. |
| 14. | Waarom wou Engeland die Amerikaanse kolonies na die Sewejarige oorlog belas? | Hulle het baie onkoste gehad veral in belang van die kolonies. |
| 15. | Om groter inkomste uit die kolonies te verkry het die Britse parlement ______ en ______ belas. | Suiker; seëls (op amptelike stukke ens.). Later ook tee, lood, glas en verf. |
| 16. | Die koloniste glo dat hulle nie deur die Britse parlement, waar hulle geen ______ het nie, belas kan word nie. | Verteenwoordiging. |
| 17. | As gevolg van die belastings word ______ 'n slagkreet van die Amerikaanse koloniste. | "No taxation without representation." |

| | |
|---|---|
| 18. Na baie protes is al die ekstra belastings opgehef behalwe die op ______ wat alleen deur Engeland verkoop mag word. | Tee. |
| 19. In een van die protes-optredes is R36 000 se waarde aan tee te ______ in die see gegooi. | Boston. |
| 20. Noem twee van die streng optredes van die Britse regering na die "Tea Party". | Bostonhawe gesluit; vergaderings verbied; enkele Wetgewende Vergaderings ontbind; soldate by huise inkwartier. |
| 21. In watter dorp is vier keer belangrike vergaderings gehou in die tyd van vrywording van die Dertien kolonies? | Philadelphia. |
| 22. Waarom is (4 Julie) 1776 'n belangrike datum? Noem drie redes. | Die geboorte van die VSA; eerste kolonie wat hom van 'n moederland onafhanklik verklaar, dien as voorbeeld vir Franse Rewolusie. |
| 23. Noem drie kenmerkende bepalings van die "Declaration of Independence". | Almal gelyk en vry; regerings ontleen hul mag van die volk; volk het reg om regering omver te werp. |
| 24. Watter twee faktore veral het bygedra tot die militêre oorwinning van die VSA? | Die leierskap van George Washington en die hulp van Frankryk, Nederland en Spanje. |
| 25. By watter vrede en wanneer is die onafhanklikheid die VSA erken? | Vrede van Parys, 1983. |
| 26. Noem die drie fondamentstene van die VSA. | Die onafhanklikheidsverklaring; die konstitusie en die "Bill of Rights". |
| 27. Wat is die "Bill of "Rights"? | Dit is 'n wysiging van die grondwet wat waak teen te sterk sentrale regering en regte van die volk beskerm. |
| 28. Wie is tot eerste president verkies? | George Washington. |
| 29. Wat is die naam van die hoofstad van die VSA? | Washington. |
| 30. Wat simboliseer die sterre en strepe op die huidige vlag van die VSA? | 50 sterre = 50 state<br>13 strepe = die oorspronklike dertien kolonies. |

Volgorde waarvolgens vrae gestel word.

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 18 | 3 | 15 | 6 | 21 | 12 | 7 | 19 | 1 | 24 | 4 | 17 | 9 | 22 | 11 | 5 |
| | | | | 2 | 23 | 16 | 8 | 14 | 20 | 13 | 10 | | | | |

*Grootte van kaartjies.*




Die speel van speletjies is tegelyk 'n ou en nuwe benadering. In onlangse jare het dit toenemend gewild geword as 'n onderrigmetode vir feitlik alle soorte vakke. Daar is goeie opvoedkundige redes vir hierdie toename, want kinders is by uitstek deelnemers aan en ontwerpers van speletjies. Speletjies is blykbaar dié aktiwiteit waarvoor hulle altyd gereed is. Laat hulle 'n oomblik alleen, en binne minute speel hulle hul spel. Van hierdie neiging tot speel moet 'n mens kennis neem en vir jouself afvra waarom speletjies vir kinders voortdurend so 'n fassinerende saak is, en hoe 'n mens van hierdie voorliefde in die klaskamer gebruik kan maak. Sepeletjies is meer as 'n karikatuur van die lewe; hulle is inderdaad 'n bekendstelling met die lewe — 'n bekendstelling met die idee van reëls wat op almal van toepassing is; 'n bekendstelling met verskillende rolle; 'n bekendstelling met die idee om 'n ander persoon te help en om hulp van andere te verwag; 'n bekendstelling met die idee om na 'n kollektiewe doelwit te streef en om deel te neem aan 'n kollektiwiteit groter as jouself.